

10 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-31 (OAV)

Heidelbergse Kategismus 21:55

Fokusgedeelte: Psalm 22:22-24

Leef die gemeenskap van die heiliges uit

As daar met ons iets goeds gebeur, is ons hart ook gelukkig en kan ons lofliedere sing. Maar as daar teëspoed kom, is dit dikwels moeilik om lofliedere te sing. Dawid verkeer in die allergrootste nood. Hy voel selfs van God verlate, alleen. 'n Bende kwaaddoeners omring hom, bind hom vas, verdeel sy klere onder hulle, stroop hom van al sy besittings. Dit voel vir hom asof hy in die bek van 'n leeu, of tussen die horings van 'n buffel vasgekeer is. Terwyl hy daar vasgekeer voel, weet hy dat slegs Gód sy toevlug is. In blinde geloof wéét hy verseker dat die Here hom sál red.

En dan gebeur dit! Die Here red. En onmiddellik, byna nog in dieselfde asem as sy noodkreet, loof en prys hy God (vs 22). Hy wil van God se redding vertel terwyl hy tussen die ander gelowiges is. "Julle wat die HERE vrees, prys Hom!" (vgl. vs 24.) Die Here hoor die hulpgeroep van die ellendige (vs 25). Van die Here af kom Dawid se lofprysing (vs 26). Dié wat hulle kleinheid en afhanklikheid van die HERE besef (dit is die ootmoediges), hulle sal versadig word en lewensgeluk ontvang (vs 27). Al die volke sal voor Hom die knie buig (vs 28). "Want die koninkryk behoort aan die HERE, en Hy heers oor die nasies" (vs 29). Van geslag tot geslag word dit oorvertel, "want Hy het dit gedoen" (vs 32).

Dawid het in noue gemeenskap met God geleef en wou dié skatte en gawes van die geloof (bv. verlossing, geloof) gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander gelowiges aanwend en uitdra (HK 21:55). Dawid se psalm wys heen na Christus toe.

Vandag se gelowiges leef van Christus af verder. As ledemate van Christus se liggaam het ons volle gemeenskap, 'n intieme verbintenis, met Hom en sy skatte en gawes. Laat ons daaraan gelowig vashou en dit aanwend, en daarvan vertel tot nut en saligheid van andere!

Sing: Psalm 48:2, 4, 5

Ds AH Stavast (Kroonstad)